Christelike Biblioteek

# Hoop Gee Lewe

*"Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie;*
*want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog?*
*Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding."*

(Romeine 8:24-25)

Ons ken almal die uitdrukking: die hoop beskaam nie. Wanneer dit in iemand se lewe dalk moeilik gaan, sê ons maklik vir hom: tel op jou kop, dit sal verbygaan; na die reën skyn die son weer; en ons dink by onsself: as hy maar net vasbyt, kan hy weer 'n rukkie aangaan. Want hoop bring lewe.

## (On)sekerheid

Tog is daar iets van 'n risiko in die gesegde; en dit lê in die woord 'hoop'. Want waarvoor hoop ons? Wat is daar in dié hoop wat die sekerheid gee dat dit ook vervul sal word? Is die 'hoop' in ons daaglikse omgangstaal nie dikwels eerder die toppunt van onsekerheid as van sekerheid nie? Jy kan sê: ek hoop ons gaan hierdie vakansie mooi weer hê. Maar wie waarborg dit? Die hoop beskaam nie, maar onder die hoop is 'n wankele fondament. Daardie hoop is baie onseker en wankelrig.

**Is die 'hoop' in ons daaglikse omgangstaal nie dikwels eerder die toppunt van onsekerheid as van sekerheid nie?**

Ewewel ís daar 'n manier van hoop wat nie die toppunt van onsekerheid is nie, maar van sekerheid. Dat jy seker weet dat dit waarop jy hoop, werklikheid sal word. Met hierdie manier van hoop het jy 'n deeglike en vaste fondament onder jou voete. Dit is hoe die Bybel oor hoop praat.

Ek vat Romeine 8:18-25 saam in die uitdrukking: die hoop beskaam nie.

Ek kan my voorstel dat daar mense is wat dink: Paulus kan maklik praat. Daar was by hom baie rede om te hoop. As ek so in óns wêreld rondkyk voel ek minder optimisties. Oorloë, hongersnood, verdriet en swaarkry, gebroke verhoudings, hospitale, kinderhuise en versorgingseenhede en daarby nog al die ellende en pyn wat daagliks deur die media op ons uitgestort word. Die hoop beskaam nie, maar wie nugter in hierdie wêreld rondkyk, hou maar min hoop oor.



Nou sê Paulus hy wil 'n bietjie met ons hieroor praat. Ja, daar ís baie ellende, verdriet en gebrokenheid in die wêreld. Oorloë, siektes, aftakeling, te veel om op te noem. Maar u weet tog waarom dit so is? Dit het te doen met ons gebroke verhouding met ons God. Dit is nie sonder gevolg nie; dit werk in die hele wêreld en in jou eie lewe deur. Dít is waar die sonde vernietigend huishou.

## Deur Jesus Christus

En tog beskaam die hoop nie?

Jaseker, sê Paulus. Weet u waarom? Die hoop bestaan vanweë die blye evangelie van Jesus Christus. Hy het ons bestaan binnegekom. Hy het ons menslike vlees en bloed aangeneem; die skuld vir al die ellende, vir ons gebroke verhouding

tot God, het Hy op Hom geneem. Deur sy dood aan die kruis het Hy versoening gebring vir dié skuld. So het Hy die fondament gelê vir 'n nuwe toekoms, 'n nuwe wêreld sonder gebrokenheid en pyn.

**Die hoop bestaan vanweë die blye evangelie van Jesus Christus.**



Dié hoop bring lewe!

Deur Jesus Christus, deur sy sterwe aan die kruis, deur sy opstanding uit die dood, weet ons dat God Hom wel deeglik nog met hierdie wêreld bemoei. Deur Jesus Christus kan ons weet dat daar 'n grootse toekoms op ons wag.

Nee, ons sien nog nie die toekoms nie. Inteendeel, as ons in hierdie wêreld en in ons eie lewe rondkyk, sien ons net gebrokenheid. Die Bybelse hoop is nie gerig op wat ons sien nie, maar op wat ons (nog) nie sien nie: die koms van Jesus Christus; sy verskyning op die wolke van die hemel; die nuwe hemel en die nuwe aarde waar geregtigheid sal woon. Die gebroke werklikheid wakker die hoop aan, en laat ons des te meer verlang na die groot Dag van die koms van Jesus Christus in heerlikheid. Ja, ons sien met reikhalsende verlange uit na die volkome verlossing wat dan kom.

Inderdaad, hoop bring lewe!

**Die Bybelse hoop is nie gerig op wat ons sien nie, maar op wat ons (nog) nie sien nie: die koms van Jesus Christus; sy verskyning op die wolke van die hemel; die nuwe hemel en die nuwe aarde waar geregtigheid sal woon.**

## Die oë opwaarts

So hoor ons dan die woorde van Paulus as 'n persoonlike boodskap vir elkeen van ons. Ek weet nie in welke situasie u verkeer nie. Miskien ervaar u daagliks die gebrokenheid van die bestaan. Miskien gaan u gebuk onder die uitsigloosheid van die lewe. Dan kan ek u op hierdie hoop wys; op die blye boodskap van Jesus Christus.

*Wat die Heer nog meer vervul het, bly verborge tot die stond*
*ál die wonders ons onthul het van die eew'ge vree-verbond.*
*Ja, wanneer die Here kom, dan word ons gelyk aan Hom,*
*Want ons sal in klare omlyning Hom aanskou in sy verskyning.*

–Skrifberyming 33, strofe 2 (1 Johannes 3:1)

H Last

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is vertaal deur Nic Grobler*